**DINSDAG, 21 Februarie**

**DIE DAG VOOR ASWOENSDAG…**

"Mardi Gras beteken bloot "Vet Dinsdag" (of dalk met betekenisvolle alliterasie, "Dik Dinsdag"). Vandag is dit hierdie karnavaldag. Vir ander is dit weer Internasionale Pannekoekdag. Die bedoeling daarmee is dat alle bederfbare (en versoekbare) produkte opgebruik sal word en 'n mens nie mors nie. Nee, "Vet Dinsdag" is nie 'n dag met Bybelse verbande nie; maar dit is tog interessant dat hierdie dag-van-oordaad Aswoensdag voorafgaan. Aswoensdag vereenselwig ons o.a. met ook ons die dood: "*Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer*." Met verootmoediging; vas en vrygewigheid beweeg ons vir 40 dae oppad na die kruisigingsdag; vanwaar dan hierdie feesvieringe?

In Neh 8:11 lees ons hoe die Leviete die Wet van God vir die volk voorlees; en terwyl hulle luister kom daar 'n diep berou oor hulle. Die Wet is juis die spieël waarin jy jouself beter leer ken. En omdat daar so 'n egte berou by hulle is, roep die profeet hulle weer bymekaar met die woorde, "*Gaan vier fees, eet en drink, en deel uit aan dié wat niks voorberei het nie. Hierdie dag word gewy aan ons Here. Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm*" (Neh 8:11).

Dit is net egte skuldbelydenis wat op 'n ware fees kan uitloop. 'n Fees waar ons uitroep, "die graf is leeg!" Sinnelose karnaval bied dalk kortstondige plesier, maar dit meet nie op teen die feesvieringe wat na hierdie 40 dae wat voorlê vir ons wag nie!

----------

N.S. Van more af ontvang jy daagliks twee boodskappe: 'n Visio Divina (met 'n kunswerk) en 'n Lectio Divina (teks met nadenke).